teenactiv

# GRAAD 12

# LOOPBAAN- EN LOOPBAANKEUSES

## KWARTAAL 3

## LES 4: WERKSETIEK

# Voltooi in Aktiwiteit 1:

1. KVBA
2. WGI
3. WAV
4. WBD
5. COSATU
6. Noem twee groepe mense waarop die WAV nie van toepassing is nie.

# Kom ons kyk of jou antwoorde reg is:

1. KVBA - **die Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie**
2. WGI - **Wet op Gelyke Indiensneming**
3. WAV - **Wet op Arbeidsverhoudinge**
4. WBD - **Wet op Basiese Diensvoorwaardes**
5. COSATU - **Kongres van Suid-Afrikaanse Vakbonde (Congress of South African Trade Unions)**
6. Noem twee groepe mense waarop die WAV nie van toepassing is nie: **Geheime dienste, Verpleegvakbonde, Nasionale Weermag.**

# Belangrike definisies:

**Werksetiek:** Gedragseëls by die werk.

**Selfaktualisering:** Om jou volle potensiaal te bereik en goed oor jouself te voel.

**Samelewingsverwagtinge:** Wat mense glo jy moet doen of hoe jy in die werksomgewing moet optree.

**Beginsel:** In die konteks van werk, is dit die basiese reël wat verduidelik hoe iets werk.

**Ontslaan:** die daad om iemand te beveel om die werk te verlaat wat afgedank  word.

# ETIESE EN SAMELEWINGSVERWAGTINGE

teenactiv

AANPASBAARHEID – Jy is in staat om verandering te hanteer; jy aanvaar kritiek om meer effektief te werk.

ORGANISERING - bestuur jou tyd en take en selfs ander mense s'n.

HOUDING – jy het 'n positiewe houding teenoor jou werk.

BUIGSAAMHEID – jy is bereid om werk te doen wat nie noodwendig in jou posbeskrywing is nie, wat tot voordeel van die werksomgewing is.

WERK AS 'N SPAN – respekeer mekaar en doen jou deel!

PRODUKTIWITEIT – jy doen jou werk en het iets om te wys vir die tyd wat jy daaraan bestee.

STIPTELIKHEID – daag betyds by die werk op en bereik sperdatums.

BETROUBAARHEID – jy is eerlik, betroubaar en op tyd.

INISIATIEF – wees iemand wat sonder direkte toesighouding kan werk.

SAMEWERKING – kom goed oor die weg met ander in die werkplek en respekteer ander.

MENTORSKAP – dra jou kennis en ervaring oor aan ander.

VOORKOMS – jy trek gepas vir jou werk aan. Jy toon respek vir jou werkgewer.

EERLIKHEID – dit sluit in om NIE te steel nie en erkenning van jou foute. Moenie jok oor siekdae om verlof te neem nie.

# Belangrike definisies :

Daar is 'n gevoel van waarde en vervulling wat met werk gepaardgaan. Wanneer jy jou eerste salaristjek ontvang, sal jy selftevrede voel. Hoekom? As gevolg van die gevoel van prestasie. Ons sal egter net waarde in ons werk vind as ons **passie** het - dit beteken om die werk wat ons doen, te geniet. Daarom is dit belangrik om 'n loopbaan te kies wat jy sal geniet. Indien jy sin en betekenis in die lewe ervaar en in jou werk vervul voel, het jy **selfaktualisering** bereik.

teenactiv



# EKSAMEN-WENKE!!!!



# AFDELING B: EKSAMENWENKE!!!!

teenactiv

Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**WERKER DIEN BEDRIEGLIKE MEDIESE SERTIFIKATE IN**

'n Werker by 'n bekende maatskappy het in die eerste kwartaal van 2019 siekverlof geneem van 7 tot 9, 14 tot 17 en 21 tot 24 Januarie. Die werkgewer het ontdek dat die werker bedrieglike mediese sertifikate ingedien het.

*[Verkry en vertaal vanaf: www.talent360.co.za Toegangsdatum: 7 April 2019]*

Eerstens moet ons weet dat hierdie vraag deel is van Afdeling B in die vraestel, wat beteken dat dit **verpligtend** is. Tweedens, lees die opskrif in die blokkie, aangesien dit KONTEKS aan die vraag gee.

2.1 Identifiseer die betrokke arbeidswet wat verband hou met siekteverlof in die bogenoemde scenario en noem DRIE redes waarom werkers die regulasies moet ken met betrekking tot verlof. (1+3)(4)

Wanneer jy Vraag 2.1 beantwoord, neem kennis dat die puntetoekenning 1+3 is. Dit beteken dat die eerste deel, om te identifiseer, 1 punt tel en die DRIE verskillende redes die ander DRIE punte uitmaak.

2.2 Bespreek DRIE moontlike redes waarom die werkgewer tot die gevolgtrekking gekom het dat die werker se mediese sertifikate in die bogenoemde scenario bedrieglik was? (3x2)(6)

Vraag 2.2 vereis dat jy drie verskillende moontlikhede BESPREEK. Dit is belangrik om jou stelling goed te motiveer om TWEE punte per besprekingspunt te kry. EEN punt vir die stelling en EEN punt vir die motivering.

2.3 Beveel TWEE praktiese maniere aan waarop werkgewers werksetiek kan versterk om afwesigheid in die werkplek teen te werk. Dui ook in jou antwoord aan hoe ELKE maatreël die werksetiek van werkers kan verbeter. (2x3)(6)

**[15]**

Vraag 2.3 vereis dat jy hoër orde denke moet gebruik. Jy moet 'n praktiese manier aanbeveel hoe die WERKGEWER afwesigheid kan voorkom, jou aanbeveling motiveer, en vir die derde punt aandui HOE daardie voorstel die etiek van ander werkers sal verbeter.

# REFLEKSIE



- Waarom, dink jy, verander jong volwassenes gereeld hul loopbane om geluk na te streef?
- Hoe het die onlangse COVID-19 pandemie en beurtkrag, volgens jou, hierdie tendens beïnvloed?
- Hoe kan jy 'n leier onder jou portuurgroep word deur 'n etiese benadering tot jou eindeksamen te bevorder?